

31 Oktober 2021

# Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

## Markus 12:28-34

wat wil jy vandag **bereik**?

**Die belangrikste van alles, is om vir God lief te wees en om ander mense lief te hê.**

ons **storie**: waar is ons nou?)

Kan 'n mens dit regkry om vir God lief te hê, sonder om om te gee vir ander mense?

Wat sal gebeur as die kerk net vir God wil lief wees, maar nie omgee oor mense nie?

Wat sal gebeur wanneer mense God regtig eerste stel? Sal dit 'n invloed hê op die manier hoe ons ander mense hanteer?

### **GOD** se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **Markus 12:28-34** saam as 'n groep of familie. Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

nouts  
praktiese wysheid...



**Nous** volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

#### 1. Ons eie storie

*Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.*

#### 2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daarvoor. Vrae oor die teks word gevra.

#### 3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Maak plakkate van vers 29-31. Versier die plakkate.

Terwyl julle die plakkate versier, kan julle kyk of julle die teksverse uit julle kop uit kan leer.

Gaan sê dit by die huis vir iemand anders om te hoor.



## gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Oupa Abie jou om oor die teks te dink?

Hoekom sê Jesus vir die man dat hy naby die koninkryk van God is? (Vers 34). Is die antwoord nog nie reg nie?

Die Fariseërs was gewoonlik in kompetisie met mekaar oor wie God die beste dien. En dan het hulle mense nie altyd reg hanteer nie. Watter uitdaging stel Jesus se antwoorde hier aan hulle?

## ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Wat beteken dit om God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag?

Wat beteken dit om jou naaste lief te hê soos jouself?

Wat vra hierdie belangrikste geboorte vandag van jou om oor te dink?

## **na** die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## **bid** vir mekaar

Dank die Here dat God ons liefhet.

Vra God om julle te help om ons naaste lief te hê en om God met alles in ons te dien.

